9 Mei 2018

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

(207 woorde)

Senior aanstelling by Suidwes Landbou

Hoof Uitvoerende Beampte van Agrifriend Equipment: Mnr Pieter van Zyl.

Mnr Pieter van Zyl is aangestel as die nuwe Hoof Uitvoerende Beampte van Agrifriend Equipment – die meganisasie divisie van Suidwes Landbou.

Mnr Pieter van Zyl, nuwe Hoof Uitvoerende Beampte van Agrifriend Equipment – die meganisasie divisie van Suidwes Landbou.

Mnr van Zyl was vir 9 jaar deel van die uitvoerende bestuur van Northmec, 'n invoerder en verspreider van landbou implemente naamlik CASE trekkers en stropers, Welger balers, Jacto spuite, Baldan grondverskuiwingstoerusting, Sorti voermengers, ens.

As Nasionale Kleinhandelbestuurder vir Northmec, was mnr van Zyl verantwoordelik vir produkverkope, brutowinsbestuur en koste- en voorraadbestuur. Op uitvoerende bestuursvlak het mnr van Zyl ook deelgeneem aan die strategiese beplanningsproses van Northmec. Van Zyl beskik oor 'n B.Sc. (Hons) graad in Mikrobiologie (NWU).

Volgens dr Herman van Schalkwyk, Groep Hoof Uitvoerende Beampte van Suidwes Landbou, het mnr van Zyl in sy kapasiteit as Nasionale Kleinhandelbestuurder waardevolle ondervinding opgedoen wat tot voordeel sal strek.

Mnr van Zyl sal op 02 Julie diens aanvaar.

Navrae:
Deon Badenhorst
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking en Kommunikasie
T: 018-581 1192
deonb@suidwes.co.za
www.suidwes.co.za